MIV/VIGS BELEIDSDOKUMENT

1. INLEIDING

Hierdie beleid voldoen aan nasionale standaarde oor MIV/VIGS in skole en die vereistes wat onderwyswetgewing volgens die SA Skolewet 1996 (no.8 van 1996) en die Onderrig en Opleidingswet 1998 (no. 98 van 1998) in die verband stel.

Alle leerders, opvoeders en ouers van hierdie skool onderneem om die MIV/VIGS Beleidsdokument te ondersteun.

Dit is hierdie skool se beleid om ‘n effektiewe voorkomingsprogram te implementeer en ‘n versorgende houding t.o.v. die skoolgemeenskap te handhaaf.

2. WOORDOMSKRYWINGS

VIGS: Beteken die “Verworwe Immuniteitsgebrek Sindroom”; dit is die finale stadium van die MIV infeksie.

MIV: Beteken Menslike Immuniteitsgebrek Virus.

Onredelike Diskriminasie: regstreekse of nie-regstreekse onredelike diskriminasie teenoor ‘n persoon op een of meer aspekte van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (No. 108 van 1996)

Universele Voorsorgmaatreëls verwys na die konsep wat internasionaal bekend is in die MIV/VIGS reëls konteks wat gestandardiseerde voorsorgmaatreëls aandui met die doel om die verspreiding van MIV/VIGS van persoon tot persoon te voorkom.
Dit sluit die higiëniese voorsorgmaatreëls en die gebruik van rubberhandskoene in.

3. NIE-DISKRIMINASIE EN GELYKWAARDIGHEID M.B.T. LEERDERS EN 0PVOEDERS MET MIG/VIGS

3.1 Daar sal nie teen leerders of opvoeders met MIV/VIGS of moontlik onderlede het gediskrimineer word nie.

3.2 Leerders en opvoeders met MIV/VIGS sal op ‘n regverdige en menslike wyse in ‘n vriendelike omgewing hanteer word.

3.3 Spesiale maatreëls wat benodig word deur ‘n leerder of opvoeder met MIV/VIGS sal binne die skool se perke geakkommodeer word.

3.4 Hierdie skool handhaaf die menseregte van alle leerders, opvoeders en ouers van die skoolgemeenskap.

4. MIV/VIGS TOETSING: Leerders

4.1 Geen leerder mag toelating tot hierdie skool geweier word op grond van sy/haar MIV/VIGS status nie.

4.2 Geen leerder sal die voortsetting van hul skoolloopbaan geweier word op grond van sy/haar MIV/VIGS status nie.

4.3 Geen leerder sal medies vir MIV/VIGS getoets word as ‘n vereiste vir toelating tot hierdie skool nie.

4.4 Geen leerder sal medies vir MIV/VIGS getoets word as ‘n vereiste vir die voortsetting van hul skoolloopbaan nie.

4.5 Geen leerder sal medies vir MIV/VIGS getoets word om bv. gedragsprobleme of ander insidente op te los nie.

4.6 Leerders wat die wens uitspreek om vir MIV/VIGS getoets te word, sal ondersteun word deur:

- die versekering dat die versoek om getoets te word asook die uitslae vertroulik sal wees.
- verwysing van die leerder na ‘n geskikte sentrum wat die nodige berading verskaf.

5. PERSONEEL SE STATUS

5.1 Personeel aangestel deur die Oos-Kaapse Onderwys Departement sal onderhewig wees aan die beleid van die Departement.

5.2 Personeel aangestel deur die Beheerliggaam sal onderhewig wees aan hierdie beleid.

6. MIV/VIGS TOETSING: (Opvoeders en nie opvoeders)

6.1 Geen opvoeder met MIV/VIGS se aanstelling in ‘n opvoedkundige of enige ander pos sal geweier word nie.

6.2 Geen opvoeder met MIV/VIGS se aansoek of aanstelling in ‘n bevorderingspos sal geweier word nie.

6.3 Die opvoeder se MIV/VIGS status sal nie as ‘n rede gebruik word vir afdanking, voortsetting van dienskontrak of hernuwing van dienskontrak nie.

6.4 Daar sal nie op ‘n onredelike wyse teenoor die opvoeder opgetree word nie.

6.5 Daar sal nie van opvoeders verlang word om roetinetoetsing te ondergaan nie.

6.6 Die Beheerliggaam sal ten alle koste poog om te verseker dat geen bevooroordeling of viktimisering sal plaasvind nie. Indien alle voorkomende pogings misluk en bevooroordeling en viktimisering voortgaan, sal die Beheerliggaam dissiplinêre stappe teen die oortreders neem.

6.7 Werknemers/opvoeders wat MIV-positief is, sal gelyke toegang tot personeelopleiding en beroepsbevordering hê.

6.8 Enige werknemer wat die wens uitspreek om getoets te word om sy/haar teenbloedliggaamtellingstatus vas te stel sal ondersteun word deur:

- Die versekering van die vertroulikheid van die toets en die daaropvolgende uitslae.
- Die verwysing van die werknemer na ’n geskikte sentrum/instansie wat die nodige berading bied voor- en na die toetsing en wat die vertroulikheid van die uitslae verseker.

7. SIEKTEVERLOF/ONVERMOË OM TE WERK

7.1 Enige werknemer wat MIV-positief is of VIGS het, is onderhewig aan dieselfde siekteverlofvoordele as ‘n werknemer wat enige ander langtermynsiekte het.

7.2 Enige werknemer wat nie meer in staat is om sy/haar pligte na te kom nie a.g.v. langtermyafwesigheid of fisiese onvermoë sal aan die gewone reëls

m.b.t. die bogenoemde onderhewig wees.

7.3 ‘n Persoon met VIGS word versoek (maar nie verplig nie) om die skoolhoof of die Beheerliggaam in kennis te stel wanneer hy/sy nie meer in staat is om sy pligte voldoende na te kom nie.

8. VOORDELE EN BEHANDELING VIR PERSONEEL

8.1 Werknemers word aangeraai om hulself in te lig m.b.t. die voordele wat mediese fondse en die pensioenfonds aanbied.

8.2 Werknemers wat VIGS het, word aangeraai om behandeling te ontvang teen oppertunistiese infeksie wat ander personeellede en leerders in gevaar kan stel.

8.3 Werknemers wat HIV positief is, sal onderhewig wees aan dieselfde voorwaardes vir kompensasie, griewe prosedures en regverdige voorwaardes vir ontslag soos vir enige ander personeellid.

9. SKOOLBYWONING VAN LEERDERS MET MIV/VIGS

9.1 Hierdie skool sal leerders met MIV/VIGS akkommodeer so ver prakties moontlik.

9.2 Leerders met MIV/VIGS sal hierdie skool se opvoedkundige klasse bywoon solank die leerder dit effektief kan doen.

9.3 Leerders met MIV/VIGS sal die voorregte geniet en onderhewig wees aan dieselfde reëls en regulasies as die ander leerders. Dit sluit die bywoning van klasse en ander skoolaktiwiteite in. Afwesigheid a.g.v. siekte sal dieselfde prosedure volg.

9.4 Die Skoolhoof en personeel sal die nodige ondersteuning bied in so ver dit moontlik is. (Afdeling 51 Skolewet 1996)

9.5 Die MIV/VIGS status van ‘n leerder mag nie as ‘n rede aangevoer word vir toelating tot spesiale onderwys nie.

10. VRYSTELLING VAN SKOOLPLIG

10.1 Leerders van skoolgaande ouderdom wie nie binne hierdie skool effektief kan funksioneer nie, kan aansoek doen vir vrystelling van skoolplig.

10.2 Die Skoolhoof moet voorsien word van ‘n resente mediese verslag met dienooreenkomstige aanbeveling van die Algemene Praktisyn. 10.3 Die ouers/wettige voog(de) moet die skoolhoof skriftelik in kennis stel/versoek van die leerder se vrystelling van skoolplig. (Afdeling 4 (1) Skolewet 1996)

11. OPENBARING VAN MIV/VIGS STATUS

11.1 Leerder: Geen leerder (of ouer/voog as verteenwoordiger van die leerder) word verplig om hul MIV/VIGS status bekend te maak nie.

11.2 Opvoeder: Geen opvoeder word verplig om hul MIV/VIGS status bekend te maak nie.

11.3 Die vrywillige bekendmaking van ‘n leerder of ‘n opvoeder se MIV status behoort verwelkom te word en ‘n omgewing van vertroulikheid van informasie en versekering dat geen diskriminasie sal plaasvind nie, behoort geskep te word.

11.4 Vrywillige openbaring: Indien enige leerder (indien bo 14-jarige ouderdom) of opvoeder hul MIV/VIGS status bekend wil maak, doen hul dit slegs aan die skoolhoof, op eie risiko. Die skoolhoof beloof om te alle tye die leerder en/of opvoeder se inligting met die hoogste vertroulikheid te eerbiedig.

Die leerder en sy ouers moet skriftelike toestemming aan die skoolhoof gee oor wie op die personeel oor die MIV/VIGS status ingelig moet word.

12. VEILIGHEIDSMAATREËLS

Die basis vir die aanbeveling van die konsekwente toepassing van algemene voorkomingsmaatreëls lê gesetel in die aanvaarding dat alle persone op die skoolterrein/tydens 'n skooluitstappie moontlik potensiële draers van die MIV/VIGS virus is, dat alle bloed, uitskeidings en liggaamsvloeistowwe besmet is en aldus so hanteer moet word.

Waar moontlik, sal die skool die nodige stappe neem om leerders wat MIVpositief is, te beskerm teen die opdoen van aansteeklike siektes a.g.v. hul verswakte immuniteit.

Leerders wat aan aansteeklike siektes ly, moet die skool van bewyse voorsien.

.

12.1 **Algemeen:**

12.1.1 Leerders, wat seerplekke het bv. oop wonde of oop sere of stukkende plekke op hul vel het, se ouers moet hierdie plekke met 'n waterdigte verband bedek, Indien nie mag die skoolpersoneel die seerplekke met waterdigte verbande bedek of die ouer versoek om die leerder by die skool te kom haal.

12.1.2 Personeel wat beseerde leerders behandel, moet ten alle tye beskermende rubberhandskoene dra. Indien lg. nie beskikbaar is nie, kan heel plastiese sakke gebruik word.

12.1.3 Enige oppervlak wat met liggaamsvloeistof besmet word, moet met water en'n huishoudelike bleikmiddel bv. Jik of Milton (verdun met nege dele water) skoongemaak word.

12.1.4 Instrumente en implemente wat met bloed gekontamineer word, moet onmiddellik ontsmet word.

12.1.5 Bloedbesmeerde artikels bv.enige materiaal wat gebruik word en met bloed besmet is, moet in plastiek verseel word en deur aangewese persone verbrand word.

12.1.6 Toiletpapier of sneesdoekies wat met bloed besmet is, moet in die toilet weggespoel word.

12.2 **Noodhulptasse:**

12.2.1 'n Noodhulptas sal in die skool beskikbaar wees.

12.2.2 Hierdie Noodhulptas sal by die sekretaresse se kantoor gehou word, waar dit toeganklik vir alle personeel en leerders is.

12.3 **In die klaskamer:**

12.3.1 Elke klaskamer sal ‘n paar rubber handskoene, plastieksakke en toiletpapier en/of tissues hê.

12.4 **Uitstappies en/of sport- en ontspanningbyeenkomste:** 12.4.1

Die betrokke opvoeder moet ‘n Noodhulptas op alle uitstappies/sport/ontspanningsbyeenkomste saamneem.

12.4.2 Hierdie Noodhulptas moet na afloop van elke uitstappie gekontroleer word.

13. **VOORKOMINGSMAATREËELS**

13.1. **Sport:**

13.1.1 Geen leerder met ‘n oop wond sal toegelaat word om aan ‘n kontaksport deel te neem nie, totdat die wond genees het nie.

13.1.2 Indien ‘n leerder bloeding opdoen tydens ‘n kontaksport oefening of wedstryd, sal die leerder onmiddellik van die veld verwyder word. Die wond moet behandel word en dig bedek word voordat die leerder verder kan deelneem aan die sport aktiwiteit.

13.1.3 Bloedbevlekte klere moet verwyder word, in ‘n plastieksak verseël word en ander klere moet aangetrek word.

14. **OPVOEDING M.B.T. MIV/VIGS: (LEERDERS)**

14.1. Alle leerders van hierdie skool sal inligting t.o.v. MIV/VIGS ontvang.

14.2. Opvoeding sal in die vak: Lewensvaardighede asook Lewensoriëntering van hierdie skool plaasvind.

14.3. Opvoeding sal ook die volgende insluit: noodhulp, die rol van dwelms, seksuele mishandeling,geweld en seksueel oordraagbare siektes.

14.4. Leerders sal onderrig word om nie-diskriminerend op te tree teenoor persone met MIV/VIGS.

14.5. Leerders sal onderrig word oor waardes en norme en die handhawing van gesonde verhoudings.

14.6. Onderrig sal geskied op ‘n korrekte wetenskaplike wyse en in ‘n taal wat ouderdoms toepaslik is vir die leerders.

15. **OPVOEDING VAN MIV/VIGS: (OUERS**)

15.1. Ouers moet aangemoedig word om die skool te ondersteun in die bekamping van die verspreiding van MIV/VIGS.

16. **OPVOEDING M.B.T. MIV/VIGS: (OPVOEDERS)**

16.1. Die personeel van hierdie skool sal voortdurend opleiding ondergaan en seminare bywoon sodat hulle toegerus sal wees om korrekte wetenskaplike inligting aan die leerders oor te dra.

17. **OPVOEDING M.B.T. MIV/VIGS: (OPVOEDERS)**

17.1. Alle personeel nl.: die administratiewe personeel asook die terreindienswerkers, koshuispersoneel ens. sal opgelei en ingelig word oor MIV/VIGS.

18. **WEIERING VAN SKOOLBYWONING MET LEERDERS WAT MIV/VIGS HET:**

18.1. Leerders wat weier om skool by te woon met leerders wat MIV/VIGS het of blyk om te hê, sal deur die skoolhoof vir berading verwys word.

18.2. Indien leerders steeds skoolbywoning weier, sal dissiplinêre stappe teen hulle geneem word.

18.3. Leerders of opvoeders wat weier om onderrig te word óf saam te werk met ‘n opvoeder wat MIV/VIGS het, sal deur die skoolhoof vir berading verwys word.

18.4. Indien bogenoemde situasie nie opgelos kan word nie, sal dissiplinêre stappe geneem word teen leerders en opvoeders.

19. **DIREKTE FAMILIELEDE:**

Die skool neem in ag dat die MIV-status van ‘n leerder, en/of hul ouers en/of ander familielede emosionele en finansiële gevolge het wat die leerder en die personeel kan raak. Alhoewel die skool die noodsaaklikheid van die vertroulike aard van die siekte in ag neem, kan die uitwerking wat die siekte op leerders en hul families het nie geïgnoreer word nie; daarom is hierdie beleid daarmee in ag genome saamgestel.

19.1. Vertroulikheid: Indien ‘n familie sou ontdek dat ‘n familielid (nie die leerder nie) MIV-positief is, is hulle onder geen verpligting om die skool in kennis te stel nie. Indien die familie sou besluit om die skool in kennis te stel, sal hierdie inligting as streng vertroulik beskou word. Die skool sal poog om die leerder te ondersteun en berading aan te bied deur die skool se eie beraders of om die leerder vir berading te verwys.

19.2. Verantwoordelikheid: Die verantwoordelikheid vir die leerder se gedrag en versorging berus op die ouers of die voogde van die kind.

Hierdie Beleidsdokument is nie-diskriminerend van aard, dit respekteer die regte van alle mense en is‘n dokument saamgestel in die beste belang van alle persone, insluitend persone met MIV/VIGS